DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

13/2025 17 April 2025

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Karakterbou: Omgee
2. Langnaweke en vakansiedae
3. Lootjielyste
4. Buitemuurse aktiwiteite
5. Netbal
6. Tennis
7. Hokkie
8. Buite aktiwiteite
9. Personeelverjaardae
10. Skooltye
11. Skoolfonds
12. Adverteer in die Skippertjie

"Bad communication ends a lot of good things. Good communication ends a lot of bad things."

Afrikaanse idioom van die week

Die geel baadjie aanhê:

Jaloers wees

2025 SKOOLKWARTALE

2de: 8 April – 27 Junie
3de: 22 Julie – 3 Oktober
4de: 13 Oktober – 10 Desember

UIT DIE KAJUIT

Kommunikasie is sekerlik een van dié belangrikste aspekte van ons alledaagse lewens. Elke dag moet almal van ons kommunikeer – hetsy met ons gesinne, families, vriende, kollegas of selfs vreemdelinge. 'n Gebrek aan kommunikasie is gewoonlik die oorsaak vir meeste van die misverstande of probleme wat ons elke dag mee te doen kry. Die slim mense praat van die afbreek van kommunikasie. Daar is 'n aantal redes hiervoor. Eerstens kommunikeer sekere mense swak omdat hulle te min inligting deurgee of omdat hulle aanneem dat iemand anders sal weet wat aangaan. Aan die ander kant luister sommige mense nie baie goed nie. Mense hoor wat hulle graag wil en luister nie intensioneel nie, maar luister eerder om net weer 'n antwoord te kan verskaf. Die ander rede vir 'n gebrek aan kommunikasie is omdat die meeste mense verkeerdelik kommunikeer. Hiermee bedoel ek dat mense met die verkeerde persone kommunikeer of op die verkeerde manier, soms aggressief, kommunikeer. Die meeste van die tyd, het ek al agtergekom, verskil mense van mekaar weens 'n gebrek aan kommunikasie of wyse van kommunikasie. Hier by Park wil ons graag seker maak dat ons so goed as moontlik kommunikeer. Daarom het ons 'n kommunikasiehandleiding saamgestel sodat u as ouer kan weet wie om in watter situasie te kontak. Dit alles sodat ons so spoedig as moontlik aan 'n probleem of navraag aandag kan gee. Die handleiding word aan elkeen van u uitgestuur. Gaan asb. daardeur sodat u uself kan vergewis van die inligting.
Geseënde Paasnaweek vir almal!

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Karakterbou: Omgee

Ons waarde waaraan ons tans aandag gee met ons karakterbouprogram is: **Omgee**. Vir die volgende aantal weke sal leerders meer daaroor leer hier by die skool. Ouers kan gerus ook met hul kinders gesels daaroor en hoe hulle dit prakties kan implementeer. Sien die inligting rakende die waarde onderaan die nuusbrief.

2. Langnaweke en vakansiedae

Neem asb. kennis van die volgende langnaweke en skoolvakansiedae:

- Vrydag, 18 April: Goeie Vrydag (geen skool)
- Maandag, 21 April: Familiedag (geen skool)
- Ma, 28 April – Vry, 2 Mei: Skole vakansie

Die skool open weer op Maandag, 5 Mei soos normaal.

3. Lootjielyste

Die eerste trekking van die lootjielyste is gedoen. Baie geluk aan Lihan Welgemoed (gr. RK) en Reece Petersen (gr. 6E) wat elkeen 'n geskenkbewys ontvang het as wenners van ons eerste trekking. Baie dankie vir u ondersteuning om ook van hierdie projek 'n sukses te maak.

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 21 Apr: Familiedag (geen skool)
Wo, 23 Apr: Wêreldboekedag
Rugby en netbal vs Groot Brak
Vr, 25 Apr: Boekedag (gr. R en RR)
Viering van Afrikaans 100
(trek soos 'n idioom aan)
o/13 Rugby streekspan oefen
1ste span hokkietoer (Ceres)
tot 28 Apr.
Sa, 26 Apr: o/13 Rugby SWD proewe

BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park Skoolfonds
Bank: First National Bank (FNB)
Rekeningnommer: 62035 761 081
Takkode: 210-314
Verwysing: Kind se naam, van en graad of toelatingsnommer

4. Buitemuurse aktiwiteite

Die afgelope tyd is daar verskeie wedstryde in netbal, hokkie, rugby en skaak gespeel. Baie geluk aan al die spanne en spelers wat goed gevaar het. Dit is vir ons lekker om te sien dat so baie leerders deelneem. Dit is baie belangrik dat spelers oefeninge moet bywoon. Ouers moet ook weet dat daar soms meer spelers is as wat daar spanne is wat kan deelneem. Dus is dit nie moontlik dat alle spelers wat oefen elke wedstryd kan speel nie, maar dat alle spelers wel deur die seisoen speelkans sal kry. Dit kan ook gebeur dat spelers tussen spanne geruil word – afrigters probeer soms kombinasies om die bes moontlike span te kies. Kom ons wees positief hieroor en motiveer ons kinders om sover moontlik deel te neem. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

100% Parkies

5. Netbal

Baie geluk aan Mila Smit (o/13) wat deurgedring het na die Eden en Sentrale Karoo Distriksproewe. Baie sterkte met die verdere proefwedstryde.

6. Tennis

Baie geluk aan Sian Poggenpoel wat saam met sy dubbelspelmaat die Eden Technifibre mini #3-kampioenskap gewen het.

7. Hokkie

Baie geluk Leahné Kellerman wat as nie-resende reserwe vir die o/13 dogters Eden Distrik hokkiespan gekies is.

8. Buite aktiwiteite

Karate: Baie geluk aan Anzaan Steyn wat tydens die KSI-SA Nasionale Noord Kampioenskappe 'n silwer medalje in Kata en brons medalje in Kumite behaal het.
Binnenshuise krieket: Tydens die SA junior interprovinsiale toernooi het Sias Poggenpoel 24 paaltjies en Altus Poggenpoel 17 paaltjies geneem. Mooi so!
Lewensredding: Baie sterkte aan Divan Pretorius en Luqelle Fillies wat die Eden-span by die Nasionale Nipper kampioenskappe In Gqerberha gaan verteenwoordig.

9. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 23 April: Vondré du Toit

10. Skooltye

Ons versoek ouers om seker te maak dat kinders elke dag betyds by die skool is en nie onnodig afwesig sal wees nie. Skooltye is as volg:

- Graad RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2, 3 en HBK: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4 – 7: 07:30 – 14:00 (Vrydae – 13:15)

11. Skoolfonds

Ouers moet asb. seker maak dat skoolfonds op datum betaal is. Baie dankie aan al ons ouers wat getrou skoolfonds betaal. Skoolfonds vir 2025 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7:** **R13 200**
- **Graad R en RR:** **R13 500**

12. Adverteer in die Skippertjie

Kostes beloop R100 per plasing per week. Advertensies word in A4-grootte onderaan die nuusbrief geplaas. Kontak Anneke Harmse om die betaling te reël. Advertensies kan in JPEG-formaat aan juf. Karen by 060 7212 192 gestuur word.

Geseënde Paasfees

GOLDWAGEN

GOLDWAGEN MOSSELBAY

Verkoop kwaliteit voertuigonderdele. Geskik vir alle groot voertuighandelsmerke.

: 044 692 0353 : 044 692 0353

mosselbay@goldwagen.com

25 APRIL TO 3 MAY

Experience the BIGGEST Inflatable Obstacle Course for the whole family. ALL AGES WELCOME.

25 APRIL - 3 MAY

Kids enjoy FREE fun—mini quad bikes, face painting, treasure hunts and more!

25 APRIL TO 3 MAY

Our camping facilities offer a comfortable and scenic outdoor experience.

SUNDAY 27 APRIL

Adventure seekers can take on our thrilling 4x4 route, offering a rugged and scenic journey. Enjoy the fun of a drag strip race.

2025 FAMILY FESTIVAL

25 APRIL TO 3 MAY

Get ready for the Biggest and Best Event in the Garden Route yet, packed with adventure, entertainment, great food, wine and family fun!

25 APRIL TO 3 MAY

Cheers to local wineries, gourmet cheeses and deli delights in a cozy celebration of South Africa's finest flavors!

SATURDAY 3RD MAY

Car lovers, rev up! Show off or race in the rally sprint and drag strip alongside vintage and high-tech models!

LIEZEL PIETERS

FRIDAY 25 APRIL

FATMAN

SATURDAY 26 APRIL

ANDRE THE HILARIOUS HYPNOTIST

SUNDAY 27 APRIL

PIET POMPIES

MONDAY 28 APRIL

TUFF nutterz

Adventure

Quicket
EXPERIENCE AWESOME
www.quicket.co.za

WINE FEST ON ROUTE WITH STEVE HOFMEYR

MAY 2

CAMPING FACILITIES AVAILABLE

WHERE: Bartelsfontein Farm Route R327, Mossel Bay, 6525

Kallie +27 82 335 8231

www.gardenroutefamilyexpo.co.za

Sponsored by Trip S Construction & Traders

SIEN JOU OP DIE PLAAS

Keelvol

'n Bittersoet musikale komedie

27 MEI 2025
MOSSELBAAI STADSAAL

18:00 - LIGTE VERVERSINGS TE KOOP
GESELLIGE ATMOSFEER

19:30 - VERTONING

KAARTJIES: R200 - R280

Quicket

Bekende akteurs van
BINNEL NDERS

Omgee is die hartklop van 'n gelukkige wêreld!

PARK
VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

liefde
geduld
ondersteunend
versorg
onselfsugtig
bedag
menslil
rtig
deer
iteit
empa
egewyd
verdraags
hulpvaardig
bemoedigend
genade
vriendelik

OMGEE

"Mense sal dalk vergeet wat jy gesê het, maar hulle sal nooit vergeet hoe jy hulle laat voel het nie.

~ Maya Angelou ~"

100% Parkie

WEES WAARDE WENNERS